## Resensie

# *Die singende wêreld* deur Marc Tritsmans
# Vertaler: Daniel Hugo

**Tenita Zinsi Kidelo**

Marc Tritsmans se digbundel *Die singende wêreld* (2019), uit die Vlaams na Afrikaans vertaal deur Daniel Hugo, gee met die eerste oogopslag die gevoel van nostalgie en die verlange na 'n metafisiese verlede. Die voorblad van die bundel is 'n skets van verskillende kleure bome wat van belang is, gegewe die simboliese assosiasies met bome. Bome kan eerstens as die langste lewende organismes beskou word. Dit hou met ander woorde verband met die mens en die aarde se verlede en word gesien as simbool van die ewige lewe – dink hier byvoorbeeld aan die konsep van die 'tree of life' ('boom van die lewe'). Tritsmans se gebruik van bome en die motief van die 'boom van die lewe', skakel met die titel van die bundel. Hy personifieer in *Die singende wêreld* die heelal. Hiermee saam ondersteun die gebruik van kleure soos rooibruin, groen en geel op die voorblad die simbool van hoop en nuwe lewe. Alhoewel die eienskappe van lig en lewe sterk na vore kom, is daar ook 'n donkerte op die voorplat in die vorm van die kleur blou. Hierdie donkerte kan gelees word as 'n voorstelling van die dood en sinspeel veral op die verganklikheid van die mens wat as sentrale tema in die bundel voorkom. Volgens Yves T'Sjoen se agternawoord is veral tydsmomente tussen lig en donker opvallend in Tritsmans se werk. Die voorblad verbeeld herfskleure (oranje en bruine) wat 'n voltooide siklus van die dood en nuwe lewe uitbeeld soos ook gesien in N.P. van Wyk Louw se beroemde gedig "Vroegherfs".

Volgens T'Sjoen (89) kan Tritsmans se werk tematies soos volg opgesom word: "die mens beskou homself as 'n vreemdeling, 'n verstotene, maar tegelyk is hy die gevangene van aardse beperkings". Tritsmans open die bundel met die gedig "Bekende konstellasies" waarin hy die vergelyking tussen die mens en die natuur trek en homself as 'n slaaf van plek beskryf. Hy stel: "waarskynlik deel ek tog iets met die duiwe / huisves ek 'n oudmodiese kompas in my kop" en "...dat niemand / sonder plekbepaling ooit kan bestaan nie". Volgens die vers is 'n ontvlugting vanaf die werklikheid, die reële plek, egter nie onproblematies nie vanweë die nietigheid van die mens wat kontrasteer met die onmeetlikheid van die heelal. Dit sluit aan by T'Sjoen se mening dat teenstellings tussen die ek en die Ander, die aardse en die metafisiese, vryheid en gebondenheid in die bundel voorkom.

Struktureel bestaan die bundel uit vyf afdelings wat elk 'n reeks gedigte bevat met soortgelyke tematiek. Die eerste afdeling "Plekbepaling" is saamgestel uit gedigte oor die heelal (konstellasies, die son, die maan, aarde en graniet). Die heelal word as 'n vrou voorgestel wat die beeld van moederaarde en moedernatuur by die leser oproep. Die mens is in hierdie afdeling op reis, soekend na die bekende. Ons soek, volgens Tritsmans, hierdie bekendheid in die son. Die digter personifieer die son en vergelyk dit met die moeder "wat saans sag die slaapkamerdeur agter haar toetrek" (5). Die mens is dus afhanklik van die son soos wat 'n kind afhanklik is van sy moeder vir groei. Daar bestaan voorts by die mens 'n afhanklikheid van die heelal se beskerming en die sekerhede wat dit bied.

Die digter maak ook melding van die geheime wat die maan met die vrou deel en daar word gesinspeel op die oerkonneksie met maandstonde: "hulle neurie en bloei selfs saggies saam" (7). Die digter wil skynbaar veral in hierdie openingsafdeling beklemtoon dat die aarde ons tydelike tuiste is waarna ons moet omsien: "dra die draaiende aarde / ons opnuut op haar ou betroubare skouers" (11).

Die gedigte lees dikwels soos verhale en die afdelings sluit chronologies by mekaar aan soos gesien in die tweede afdeling "Grondtone". Hierdie afdeling bevat 'n mengsel van aardse elemente (lig, lug, hout, vuur, water) en menslike elemente (taal en bloed) wat voortborduur op die tema van afhanklikheid. Die beeld van die vrou is steeds sterk teenwoordig. Dit is ook asof die digter as woordvoerder van die aarde optree. In die gedig "Bloed" (33) kom die moederfiguur weer ter sprake en die drade (wat verwys na die naelstring) wat ons bind aan ons moeders en die aarde. Die beeld word geskep dat die aarde ons huisves soos die baarmoeder van 'n moeder: "wat ons wiegend en warm omarm het voor ons / in die wêreld gekom het" (37).

Die digter spreek verder die mens direk aan en maak ons bewus van die nagevolge van die vernietiging van die aarde wat kan lei tot verganglikheid: "laat ons dus bevrees wees vir die oomblik wanneer / ons nie meer, vel teen haar vel, mekaar kan aanraak" (23). Dit is daarom vir die spreker belangrik dat die mens besef dat ons en die aarde "metgeselle" (25) is wat moet saamwerk om die vernietiging te verminder.

In die afdeling "Brandpunte" handel dit hoofsaaklik oor die dood en die verganklikheid van die mens. Die digter stel dat die mens hierdie verganklikheid probeer ontsnap, maar dit nie regkry nie. Ons kan volgens die digter egter nie wegkruip daarvan nie omdat die heelal ons onder 'n "vergrootglas" (43) plaas. Dié gedigte beklemtoon weereens dat ons tydelike bewoners van die wêreld is en dit eendag sal moet verlaat.

Hiernaas kom eienskappe wat verband hou met die titel en voorplat na vore. Die gedig "Boom" (51) skakel met die voorplat van die bundel en sinspeel veral op die 'boom van die lewe' -metafoor, met die fokus op die feit dat die lewe 'n siklus is wat tot die dood lei en dat ons ons verganklikheid nie kan ontsnap nie. Die mens kan egter soos in die vierde afdeling "Samesang" op 'n ontdekkingsreis gaan om onsself, en dit wat ons met die aarde verbind, te vind. Die digter personifieer in hierdie afdeling verskeie diere om hierdie boodskap oor te dra. In "Ysvoël" (59) word die grens tussen mens en die heelal ontgin en die mens as maar 'n klein gedeelte van die aarde voorgestel. Die gedig "Uile" (61) stel verder die nagtelike stilte en die mens se soeke na die self in die stilte voor. 'n Ander proses wat ook beskryf word in hierdie afdeling, is die voortplantingsproses. Die digter beskryf in "Gewortel" (63) dié proses vanaf die eerste interaksie tussen man en vrou ("I Eerste oefening", 63) tot by die bevel van vrugbaarheid waar die leser herinner word aan die Bybelse verhaal van Genesis asook van Maria en die engel ("II Wees vrugbaar en vermenigvuldig", 65). Hierdie proses is vir die digter 'n tydsame proses waarin daar gegroei moet word: "en vandag laat jy my hier selfs kniel / aan jou voet vind ek vir die eerste keer / 'n paar akkerdoppies in die gras net soos / my seuns is jy nou daarvoor gereed" (65). Die mens en natuur word ten slotte uiteindelik in "III Saadstorting" (67) as volwasse en gereed vir voortplanting en vermenigvuldiging voorgestel.

Die dood klop uiteindelik aan die mens se deur in die laaste afdeling, "Nagalm". Die digter neem die leser weer terug na die eerste afdeling "Plekbepaling" wat sê dat ons nie kan bestaan sonder 'n geworteldheid in 'n plek nie, maar laat dit ook blyk dat plekke eise kan stel soos gesien in hierdie afdeling. Die gedig "'n Naderende winter" (77) is die mooiste beskrywing van die dood wat ek nog gelees het. Dit herinner weereens aan N.P. van Wyk Louw se "Vroegherfs" waarin die blare ook van bome af val en vergaan, wat weer plek maak vir nuwe lewe of hoop: "hy het ten slotte een vir een al die luike / toegetrek; geen uitsig meer op die wêreld nie / al die ligte agter hom afgesit" (77). Daarna skep die digter 'n voorskou van die wêreld sonder die mens in "Skildery sonder mense" (79). Die bundel sluit af met die gedigte "Laaste wandeling" (81), "Tydruimte" (83) en "Foto van 'n berglandskap" (85) wat beklemtoon dat die tyd uitloop en ons elkeen een of ander tyd ons laaste asem gaan uitblaas en laaste wandeling gaan neem. Al wat dan oorbly, is herinneringe vasgevang in foto's.

*Die singende wêreld* neem die leser as 't ware op 'n ontdekkingsreis waarin die kosmiese heelal met die aarde en sy mense kontrasteer. Daniel Hugo verklaar in 'n 2020 Versindaba-onderhoud oor sy vertaling van die bundel dat die teenstelling tussen die vaste versvorm en die wêreld wat besig is om vernietig te word vir hom die interessantste deel van die vertaalproses was. Na my mening

is die epifaniese aard van Tritsmans se werk dalk net die soort perspektief wat ons nodig het in die Afrikaanse letterkunde. Daniel Hugo lewer ’n suksesvolle, goed versorgde vertaling van Tritsmans se bundel en ’n nodige bydrae tot die Afrikaanse literatuur.

*Universiteit van Wes-Kaapland*